# PSALM 63

D                              Bm
1. Yahweh, wat tog my lewe is,
                  G                A
hoe smag my hart as ek U mis!
                                   D
Ek soek Yahweh terwyl ek kwyn
        Em         D    A   D
in sielsverlatenheid en pyn.
D                                Bm
Ek smag soos alles hier om my,
             G                A
ek swerf in wilde woesteny,
                             D
'n dor en uitgedroogte land
         Em            D     A     D
waarop die son se vlamme brand.

D                           Bm
2. Ek wil U prys my lewe lank,
            G                A
my hande ophef en U dank.
                                 D
Ek sal die vettigheid weer hê,
         Em           D      A   D
my siel versadig word, Yahweh!
D                              Bm
My mond sal jubelend U noem,
             G                    A
my lippe hoog U weldaad roem.
                                    D
Wanneer die aard' in nag versink –
         Em             D    A   D
dan sal ek peinsend aan U dink.

D                              Bm
3. U was, Yahweh, 'n hulp vir my.
           G                A
U het U vleuels uitgesprei
                                 D
om met beskerming my te dek
      Em           D   A   D
en jubels in my hart te wek.
D                              Bm
Yahweh, so met my lot begaan,
                  G                 A
hoe kleef my siel aan U Yahweh!
                            D
Vertrouensvol op U geleun,
            Em            D   A   D
voel 'k hoe U hand my ondersteun.

```
        D                          Bm
4.      Dié wat vir my die dood begeer,
                       G              A
        stort self diep in die afgrond neer;
                                      D
        die swaard sal oor hul seëvier,
                 Em          D  A  D
         'n prooi word vir die wilde dier.
        D                          Bm
        Maar ek is in Yahweh nou bly
                   G               A
        met almal wat Sy Naam bely.
                                       D
        Hy sal die bose mens nou stuit
             Em         D  A  D
        en al die leuenmonde sluit.
```